


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 5-11 MEI 2025

## CHRISTUS GEOPENBAAR
### ERVAAR SY KARAKTER

In week een van die reeks 'Christus geopenbaar' het ons persoonlike ontmoetings met die opgestane Jesus ondersoek. In week twee het ons op Sy Naam gefokus.

In hierdie laaste week van die reeks fokus ons daarop om Jesus se karakter te ontdek deur 'n diep verhouding met Hom. Bid dat mense in jou gemeenskap Sy karakter sal weerspieël – selfs in swaarkry – met die wete dat Hy ook uitdagings in die vlees in die gesig gestaar het.

---

**MAANDAG 5 MEI 2025**
**BARMHARTIG**
*Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.* (Matteus 9:36).

Jesus het intens vir ander omgegee, die siekes genees, die hongeres gevoed en die gebrokenes vertroos, en sodoende God se hart met Sy deernis geopenbaar.

**Kom ons bid**
- Here, leer my om ander deur U oë te sien en in alle omstandighede met U deernis te reageer.
- Bid dat elke daad van goedhartigheid van gelowiges Sy barmhartigheid sal weerspieël en ongelowiges in jou omgewing wat trauma ervaar sal lok om Hom persoonlik te leer ken.
- Bid dat hulle harte aangeraak sal word, dat hulle laste verdwyn en dat hulle lewens verander sal word terwyl hulle die liefde en teerheid van Jesus deur Sy mense ervaar.

---

**DINSDAG 6 MEI 2025**
**GEHOORSAAM TOT DIE DOOD TOE**
Hy het Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis (Filippense 2:8).

Jesus het die Vader ten volle gehoorsaam, selfs tot die dood aan die kruis, en volmaakte liefde vir God en onderdanigheid aan Sy wil getoon.

**Kom ons bid**
- Vra die Here om jou te help om jouself te verloën en in gehoorsaamheid te wandel, selfs wanneer dit die verlies van jou sekuriteit, trots of beheer kos.
- Bid vir diegene in jou gemeenskap wat rebels is, om Jesus se radikale gehoorsaamheid tot die dood toe deur gelowiges se onwrikbare getrouheid te ervaar. Vra dat die krag van Sy offer hulle harte sal versag.
- Vra die Heilige Gees om ongelowiges te oortuig deur die nederige gehoorsaamheid van gelowiges. Bid dat gelowiges se lewens Jesus se onderdanigheid en liefde sal weerspieël en 'n honger na waarheid, bekering en transformasie sal aanwakker.

---

**WOENSDAG 7 MEI 2025**
**LIEFDEVOL**
*Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.* (Johannes 13:34).

Jesus het liefgehad; Hy het genade, waarheid en opoffering aan almal aangebied, ongeag van hul status, foute uit die verlede en of hulle Hom terug sou lief hê.

**Kom ons bid**
- Vra die Here om jou te help om sonder perke lief te hê – vriende, vyande en vreemdelinge – net soos Jesus, deur die krag van die Heilige Gees.
- Dra diegene in die Kerk op aan die Here wat deur 'n egskeiding gaan en nog nie die Here ken nie. Bid dat hulle Sy onfeilbare liefde sal ontdek deur die sagte sorg van gelowiges rondom hulle.
- Vra die Heilige Gees om gelowiges as instrumente tot genesing te gebruik. Mag elke woord en daad geskied met Christelike liefde wat gewonde harte en gedagtes binne die Kerk herstel.

---

**DONDERDAG 8 MEI 2025**
**NEDERIG**
*Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:… ... het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,...* (Filippense 2:5-7).

Jesus is in 'n krip gebore, het voete gewas, ander gedien en nooit Sy eie heerlikheid gesoek nie – ware nederigheid in aksie.

**Kom ons bid**
- Vra die Here om trots uit jou hart te verwyder. Bid dat Hy jou sal leer om ander nederig te dien, net soos Jesus gedoen het, sonder om erkenning te soek.
- Dra die uitvoerende hoofde in jou stad wat hul gesag misbruik op aan die Here. Vra die Heilige Gees om hulle te oortuig en hulle tot bekering te lei deur die nederigheid van Christus wat deur gelowiges weerspieël word.
- Bid vir uitvoerende hoofde om Jesus te ontmoet, wat lei tot persoonlike transformasie en 'n nuwe manier om ander met liefde te lei.

---

**VRYDAG 9 MEI 2025**
**SAGMOEDIG**
*…Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed.* (Matteus 11:29).

Jesus was sterk dog sagmoedig en het nooit met trots of geweld vergeld nie, maar met beheerste krag en genade op vyandigheid gereageer.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om jou te leer om sagmoedig soos Hy te wees – sterk in oortuiging, maar tog sag in jou benadering teenoor diegene wat jou teëstaan.
- Bid dat die Here hoërskoolonderwysers sal versterk wat oorweldig word deur moeilike studente se gedrag. Mag hulle Sy sagmoedigheid sien skyn in die lewens van gelowige kollegas en ouers – krag gelei deur nederigheid.
- Vra die Heilige Gees om moeë onderwysers aan te moedig wat daaglikse uitdagings in die gesig staar. Mag sagmoedige en deernisvolle gelowiges hulle gemoed lig en hulle na die vrede van Jesus wys.

---

**SATERDAG 10 MEI 2025**
**GESAGHEBBEND**
"…'My huis sal 'n huis van gebed wees,' maar julle maak dit 'n rowersnes." (Matteus 21: 13).

Jesus het boosheid, skynheiligheid en ongeregtigheid met vrymoedigheid, waarheid en gesag gekonfronteer, en nooit teruggedeins van Sy sending ten spyte van teenstand of gevaar nie.

**Kom ons bid**

- Vra die Here om vir jou vrymoedigheid te gee om vir waarheid en geregtigheid te staan, selfs wanneer dit ongewild of moeilik is.
- Dra pastore in jou gemeenskap op aan die Here wat deurloop onder skinderstories en laster. Bid dat hulle integriteit harder sal praat as die gerugte en dat hulle stemme in God se Woord geanker bly.
- Bid dat hulle nie deur die openbare mening beïnvloed sal word of onder druk geplaas sal word om hulleself te verdedig nie, maar dat hulle sal vertrou dat geen wapen wat teen hulle gesmee word, voorspoedig sal wees nie.

---

**SONDAG 11 MEI 2025**
**GETROU**
*Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar.* (2 Tessalonisense 3:3).

Jesus het sy sending getrou voltooi, elke belofte nagekom en tree steeds vir ons in by die Vader – Hy is altyd betroubaar, lojaal en waaragtig.

**Kom ons bid**

- Vra Jesus om jou getrouheid aan Hom te versterk, sodat jy beproewinge kan verduur en daagliks lojaal bly.
- Bid vir weeskinders in jou gemeenskap wat verlate en alleen voel. Vra dat hulle God se onfeilbare liefde sal teëkom en leer dat Hy hulle nooit sal verlaat of versaak nie.
- Vra die Here om deur Christene diep genesing te bring in die harte van hierdie kinders wat verwerping en verlies ervaar het. Mag hulle Sy getrouheid, deernis en sorg ervaar – die hart van Jesus!

---